

Maandag 18 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 45:16-28

Fokusgedeelte: Genesis 45:28

'n Huis vol lieflikhede

Die huisgesin van Jakob staan op die rand van ineenstorting. Dit is reeds jare lank dat Jakob met die pyngedagte moet saamleef dat sy seun Josef dood is. Behalwe daardie hartseer, voer die gesin 'n stryd om oorlewing as gevolg van swaar hongersnood (Gen. 41:56). Jakob, die 12 stamme van Israel, die volk van God in wording, staar die dood in die oë.

In Genesis 42 tot 45 word beskryf hoe die Here Jakob en sy seuns bewaar. Die huis wat besig is om weg te kwyn, gaan weer 'n huis vol lieflikhede word, waar broers in vrede saamwoon (Ps. 133). Maar dit gaan offers verg ...

Allereers offers van die tien broers wat Josef aan die heidene verkoop het. As hulle as gevolg van die hongersnood in Egipte kom om kos te koop, weet hulle nie dat die Here hulle met Josef gaan konfronteer nie. Die broers gaan moet leer om hulle afguns en boosheid af te sweer. In die huisgesin van Jakob, die kerk van die Here in die Ou Testament, is daar geen ruimte vir jaloesie en naywer nie. Die tien broers word gedwing om hulleself te offer, veral as dit oor die behoud van Benjamin gaan.

Vader Jakob moet eweneens offers bring ter wille van die voortbestaan van sy huis. Hy moet Benjamin laat gaan. Die droefheid oor Josef lê vlak in sy hart, maar hy moet leer om die Here te vertrou deur sy jongste kind na Egipte te stuur.

Ook Josef moet offers bring ter wille van die oorlewing van sy familie. Hy was in die posisie om homself op sy broers te wreek ná alles wat hulle hom aangedoen het. Hy sal die gedagtes van wraak en vergelding moet laat staan en dit van harte bestry.

Deur die genade van die Here is die offers gebring. Dit was vir die behoud van Israel. Vader en seuns mag mekaar sien (vs 28). Die offers van Jakob en sy seuns wys na Christus. Dit rus op sy offer, waarsonder geen gelowige 'n offer kan bring nie.

Vandag is dit ons beurt om alles op te offer ter wille van die saamwees en -werk in die kerk van die Here. Eiewilligheid, eiebelang, eie voorkeure en afkeure – dit alles en nog baie meer moet opgeoffer word sodat ons almal saam die goeie vir die huis van God sal soek (Ps. 122). En dat ons vrede in Christus mag hê.

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)